A

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-04-22

DIE STAAT teen : PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

- - - - - - - - - -

KONTRAKTEURS : LUBBE OPNAMES

- - - - - - - - - -

VOLUME 386

(Bladsye 22 347 - 22 383 )

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

COURT RESUMES ON 22 APRIL 1988.

THEMBA NGWENYA, d.s.s. (Through interpreter)

MR TIP : My lord, pursuant to the consent granted by your lordship yesterday accused no. 9 is at the clinic this morning. Save for him the others are all present.

FURTHER EXAMINATION BY MR TIP : Mr Ngwenya, I want to go with you now to the events of 3 September 1984. Did you go to the square? -- Yes.

At approximately what time? -- At about 08h00.

Perhaps you should tell his lordship at this stage, you live fairly close to the square. Is that correct? -- Yes.

On your way there and in the vicinity of the square at that stage, did you notice whether or not there were any obstructions in the roads? -- No, there was nothing.

At the square itself, are you able to estimate the number of people that were present when you arrived? -- About two thousand.

And would you describe in your own words please what you did and what took place on your arrival there? -- On arrival there I notice that a friend of mine was already there. He was on the other side of the square. I went up to him. While standing with him there I heard somebody who was addressing the people present. This person was not far from the high mast pole, saying to the people they must not be frightened. I am saying this that I heard him saying so because earlier I got to know that some police arrived there ... (Mr Tip intervenes)

Let me stop you there. I do not want you to tell his lordship things that you heard. Did you see the speaker yourself? -- No, I did not see the speaker.

Could/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Could you describe please what sort of people were there gathered at the square? Can you give an idea of the sort of ages? -- It was the parents who gathered there. I am not saying there were no school children there. There were school children of high school age. I assessed the situation there to have been exciting, like when you go to a soccer match just before a match starts. If you know what the situation is about the excitement of the people.

What were the people wearing? Can you describe the clothing of the people there? -- They were wearing their ordinary private clothes.

Did you notice any people wearing T-shirts with the names of any organisations on them? -- No.

Would you continue please and tell his lordship what took place at the square? -- From where I was standing further up there was a commotion which was as a result of a police vehicle which had arrived. This commotion I am referring to happened so fast, as a result the police vehicle sped off very fast too.

In which direction - on what side of the square was this commotion? -- On the western side of the square.

In what direction did you see the police vehicle speeding off? -- In the westerly direction, into Bapedi Street.

What did the people around you in the square and you yourself do? -- Some followed in the direction of the vehicle and some dispersed from that point. Thereafter we also decided to leave and I thought it wise to go home.

And is that what you did? -- Yes, I went home and stayed home.

On the following day, 4 September 1984 did you again

go/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

go out? Were you in the vicinity of the square? -- Yes, I did go out.

What was the situation with the roads in that vicinity on that day? -- The roads were dirty in the sense that there were stones and some tree branches or stems which were obstructing the road and another thing is that there were many people from the security.

When you say obstructions on the road, which were they? Can you specifity them? -- Lekoa Street is the very first street I noticed which had obstructions put up. That is the street in front of our house. The continuation of Lekoa further down in the direction of the communal hall after the S-bend. Also that part had some obstructions on.

Is that the S-bend that goes around the square? -- Yes, passing the shopping centre.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Net een aspek voor ons by die vergadering kom. Weet u, net ja of nee, van enige versoeke wat die gemeenskap gerig het gedurende 1984 vir verbeterings in Boipatong? -- Ja.

Wat se versoeke het hulle gerig? Wat se verbeterings wou hulle hê? -- Die strate.

Wou hulle dit geteer hê? -- Ja.

En hulle ander versoeke? -- Dit het gegaan oor die pensioenarisse. Byvoorbeeld die eise was aangaande die weer. Partykeer vind 'n mens dat dit reën, of dat dit te warm is vir hulle of te koud is, as hulle betaling gaan kry en daar was ook 'n voorstel gewees dat hulle vervoer moet word om by die betaalpunt uit te kom.

Is daar enige ander versoeke wat die gemeenskap gerig het oor die verbetering van die toestand in die woongebied

behalwe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

behalwe die teer van paaie? -- Die beskikbaarheid van fasiliteite vir mense om daar te gaan geniet.

HOF : Ontspanning of sport? -- Ja, vir ontspanning, sport en vir die kinders ook.

MNR. FICK : Parke? -- Ja.

Enige ander? -- ŉ Ander ding daarvandaan was die huur wat baiemaal verhoog was.

Ons is nou besig met versoeke van die gemeenskap om die woongebied te verbeter? Was daar enige ander versoeke wat hulle wou gehad het vir iets om die woongebied te verbeter? -- Ja, daar is ŉ plek, die afstortplek van die vuilgoed vanaf die dorp self en ook die swartwoonbuurt. Daar was ŉ eis gewees dat die gemeenskap gevra het dat daar iets gedoen moet word want daardie plek veroorsaak dat daar baie vlieë in die lokasie is, wat dan die oorsaak is van baie tipe siektes.

Hulle wou gehad het die ding moet toegemaak word? -- Nee, nie toegemaak word nie. Dat daar weggedoen word met daardie plek, dat dit vervoer word, want dit is nie ŉ gat waar hulle dit ingooi nie, dit is eintlik ŉ berg, want dit staan hoog.

Is daar nog enige versoeke wat die gemeenskap gerig het ter verbetering van die woongebied in 1984? -- Dit wat ek genoem het is al wat ek onthou.

Hierdie versoeke wat die gemeenskap gerig het, het hulle dit by vergaderings gerig aan die raadslede of hoe het hulle dit gerig? -- Die dag wat ek sê dat ek die raadslede se eerste vergadering bygewoon het, was daar mense gewees wat hierdie eise by hierdie vergadering genoem het.

Weet u of daar enige ander vergaderings gehou was met die raadslede waar die gemeenskap by was gedurende 1984? -- Ja, dit is die vergadering waarvan ek praat wat by die

saal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

saal gehou was.

Die vraag is, is daar enige ander verdere vergaderings gehou? -- Nee.

En is dit so die raadslede het gesê hulle sal hierdie versoeke gaan oorweeg en die saak gaan ondersoek? -- Ja.

Ek stel aan u die raad het dit gedoen en hulle het toe teruggekom en gesê dit is die huurverhoging wat nodig is om hierdie goed orals in die woongebied ingestel te kry? -- Dit is mos nie 'n vraag nie, nie waar nie? Dit is mos wat u vir my sê?

Is dit nie wat gebeur het nie? -- Dit is miskien so dat hulle dit so aanvaar het dat om al hierdie dinge reg te maak soos geëis word, sal dit vir hulle nodig wees om die huur te verhoog.

En is dit nie so nie, daar was nooit vir julle gesê op daardie vergadering of op enige ander vergadering dat al hierdie verbeterings word verniet gedoen nie? --Herhaal daardie vraag?

Daar is nooit vir julle gesê deur die raadslede al hierdie verbeterings gaan hulle vir julle doen pasella nie? -- Nee, dit was nie. In plaas daarvan dat hulle dit gesê het was daar kennisgewings uitgestuur vanaf die raad waarin hulle vir ons laat weet het dat ons moet betaal. As ons nie betaal nie en aan die ander kant moet hulle die werkers betaal vir die werk wat hulle uitvoer, sal hulle nie dit verniet kan doen nie. Met die gevolg dat dit duidelik gemaak was deur hierdie dokumente dat dit van ons verwag word om daarvoor te betaal.

'n Ander aspek, ken u 'n persoon met die naam van Jabulani Patosi? -- Ja.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is hy van Boipatong? -- Ja.

Weet u of hy aan enige organisasie behoort? -- Nee, hy behoort nie aan 'n organisasie nie. Ek ken hom as 'n lid van die Assembly of God. Hy is nou nog 'n lid van daardie kerk.

Het u gehoor in 1984 van 'n organisasie met die naam van die Vaal Civic Association? -- Ja, ek het daarvan gelees in 'n koerantberig.

Is dit nie so dat hierdie Jabulani Patosi was lid van die Vaal Civic Association in 1984 nie? -- Nee, ek sal nie kan sê of hy 'n lid was van die Vaal Civic Association nie.

Was hy op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984? -- Ek het hom nie gesien nie.

Nou wil ek met u oorgaan na die vergadering van 26 Augustus 1984 in Boipatong. Het enigiemand op die vergadering terwyl u daar was uit die Bybel gelees? -- Ja, daar het.

Wie is dit? -- Dit is die dame wat as 'n tweede spreker daar gepraat het by hierdie vergadering. Verskoon my, sy was 'n tweede vroumens wat 'n toespraak gemaak het by hierdie vergadering.

HOF : Het sy voorgelees uit die Bybel? -- Sy het nie die Bybel oopgemaak en gelees nie. Sy het 'n aanhaling gemaak uit die Bybel uit.

MNR. FICK : U sê vir die hof verder daar is gesing op hierdie vergadering? -- Aan die einde van die vergadering, ja, daar was gesing gewees.

Net toe? -- Ja.

Nie gedurende die vergadering ook nie? -- Ek onthou nie dat daar gesing was nie.

Wat was gesing aan die einde van die vergadering sê u? --Nkosi Sikilele e Afrika.

Weet/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Weet u wat by hierdie vergadering gebeur het voor u opgedaag het? -- Nee, ek sal mos nie weet nie. Dit is voor ek daar gekom het.

Hoekom ek vir u hierdie snaakse vraag vra, u het gister in u hoofgetuienis gesê daar is gesing aan die begin van die vergadering ook? -- Dit het ek gesê as gevolg van my ondervinding by die vergaderings, dat by die opening van ŉ vergadering is daar ŉ kerklied wat gesing word. Dan word daar gebid en na die gebed begin die vergadering.

Is dit nie so dat u nie die waarheid praat nie? U was van die begin van die vergadering af daar en u het u weerspreek? -- Nee, die waarheid is dat ek daar opgedaag het na die vergadering in aanvang geneem het.

Toe u nou by die vergadering opdaag, het daar iemand voor gesit voor die gehoor? -- Ja, daar was twee persone gewees.

Die persone, ek wil dit net duidelik kry, was daar ŉ soort van ŉ verhoog? -- Nee, hulle het by ŉ klein tafeltjie daar gesit.

Wie was die twee wat daar gesit het toe u opgedaag het by die vergadering? -- Sekwati, beskuldigde nr. 11 en Peter Mohapi.

En Sotso was besig om te praat? -- Ja.

Het hy daar voor by die tafel gestaan en praat of waar het hy gepraat? -- Net aan die kant van die twee het hy gestaan. Daar was stoele gewees heel voor in daardie saal. Hy het gepraat vanaf die voorste stoele daar in die rigting van die twee.

HOF : So, sy gesig was nie gedraai na die gehoor nie, sy gesig was na die tafel toe gedraai? -- Die posisie daar is

soos/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

soos volg. Die tafel is aan die voorkant van die gehoor en dan aan die kante van die tafel is daar stoele, net een ry, aan weerskante van die tafel. So, die persoon het opgestaan vanaf die stoele wat aan weerskante van die tafel was om te praat. Dit wil sê agter hom was ŉ muur gewees. Hy het met sy rug na die muur gestaan en skuins na die tafel en ook na die gehoor se kant toe gekyk.

Die eerste vrou wat gepraat het op die vergadering, van waar het sy gekom toe sy gepraat het? -- Sy was ook in dieselfde posisie gewees, maar net aan die teenoorgestelde kant vanwaar Sotso gepraat het.

En daar waar sy was, was daar nog ander mense of was dit sy alleen wat daar gesit het? -- Daar was ander mense, onbekende mene wat by haar gesit het.

Die tweede dame wat gepraat het, waar was sy gewees? -- Sy was ŉ entjie voor, dit wil sê aan die voorkant van die gehoor wat gesit en kyk het in die rigting van die tafel.

Ken u ŉ persoon met die naam van Bapi? -- Nee.

Weet u wanneer die dame wat eerste gepraat het by die vergadering aangekom het? Met ander woorde, toe u daar kom, was sy daar of het sy na u daar aangekom? -- Ek sal sê dat ek haar daar aangetref het met my aankoms want onmiddellik na mnr. Sotso gepraat het, het Sekwati ŉ opsomming van mnr. Sotso se toespraak gemaak. Sy het toe dadelik na Sekwati opgestaan.

U het vir die hof gesê dat Sotso het gepraat in verband met die raadslede en gesê dit is beter dat die raadslede sal moet bedank? --Ja.

En het Sotso gesê maar wat gaan gebeur as die raadslede gaan bedank, wie gaan hulle werk doen? -- Ek onthou nie

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat Sotso gesê het wie dan die werk sal inneem nie, maar wat in my gedagte gebeur het was dat daar dalk ander mense gekies gaan word wat dan die beloftes sou uitvoer.

Gedurende hierdie hele vergadering van 26 Augustus 1984 het enigiemand van die sprekers of uit die gehoor uit die vraag geopper maar wie gaan nou die werk oorneem van die raadslede as julle hulle gekry het om te bedank nie? -- Ek onthou nie van iemand wat dit geopper het nie, maar wat verder in my gedagte gebeur het, is dat die komitee wat te Houtkop gaan praat sou dit geopper het daar oor wie dan die werk sal oorneem.

U kan natuurlik nie alles onthou vandag wat Sotso op die vergadering gesê het terwyl u daar was nie. Is dit reg? -- Ek onthou nie dit waarvan ek melding gemaak het.

Nadat Sotso gepraat het die eerste keer op die vergadering, het hy nie 'n verdere rol op hierdie vergadering gespeel nie? -- Nee, daar is niks nie.

Is dit nie so nie, dit is heeltemal reg, dit is omdat hy gesê het hy gaan na 'n ander vergadering toe en hy het toe die vergadering verlaat? -- Miskien het hy dit gesê. Miskien het hy dit nie gesê nie. Ek kan nie onthou dat hy so iets gesê het nie. Ek onthou nie of dit gesê was nie. Of hy miskien na die vergadering toe gegaan het en hierdie vergadering verlaat het kan ek nie onthou nie.

Voor die resolusies aanvaar is, het enigiemand op hierdie vergadering gesê dat die mense moet nie die huur betaal of die huurverhoging betaal nie? -- Ja, iets van daardie aard was genoem, naamlik dat die verhoging op huur nie betaal moet word nie. Dit was na aanleiding daarvan dat daar 'n vroumens opgestaan het wat gesê het dit help nie om hier te sê dat

ons/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ons nie die verhoging betaal op die huur nie, want die kantoor sal jou terugstuur en sê gaan haal al die geld ingesluit die verhoging.

Wie is die persoon wat hierdie voorstel gemaak het dat die mense moet nie die huurverhoging betaal voor die vrou geantwoord het nie? -- Sotso.

Het Sotso dit aan die begin van die vergadering gesê. Is dit wat u sê? -- Terwyl hy besig was met sy toespraak na ek al by die vergadering opgedaag het het hy dit gesê.

Kan u onthou of Peter Mohapi gepraat het op die vergadering? -- Ja, hy het in die sin dat hy eintlik opgetree het as 'n soort van 'n tolk. Byvoorbeeld Sotso noem 'n punt en dan het hy dit beter gestel in Sotho dat die mense dit beter kan verstaan. Hy het ook verduidelik aan die gehoor van hierdie komitee, watter soort komitee dit was, byvoorbeeld deur vir die mense daar te sê dat dit nie 'n permanente komitee was nie.

U het in u hoofgetuienis gesê dat die man wat die tolkwerk vir Sotso gedoen het was beskuldigde nr. 11? -- Ja, ek weet daarvan dat ek wel so gesê het.

U sê twee tolke het dieselfde goed getolk? -- Hy het partykeer hier en daar opgestaan en dit aan die mense vertolk en duidelik gemaak.

HOF : Wie is dit nou? -- Dit is Peter, maar die meeste van die tyd het Sekwati, beskuldigde nr. 11, 'n opsomming gemaak van wat Sotso gesê het. Met ander woorde, ek kan dit so stel dat hulle mekaar gehelp het. Peter was Sekwati behulpsaam in daardie opsig.

MNR. FICK : Ek wil aan u stel u getuienis is verkeerd. Nòg die staat nòg die verdediging het ooit oor hierdie vergadering

vantevore/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vantevore sulke getuienis gelewer of bewerings gemaak? -- Ek sê my getuienis wat ek hier lewer is die waarheid.

HOF : Het Sotso en Peter Mohapi terwyl - ekskuus, het beskuldigde nr. 11, Sekwati, en Peter Mohapi, terwyl Sotso praat van tyd tot tyd verduidelik of is die situasie anders? -- Wat gebeur het hier is die volgende. Terwyl Sotso besig was met sy toespraak, byvoorbeeld as hy 'n punt noem, dan het Peter hom in die rede geval en gesê hy moet maar 'n bietjie wag, sodat hy wat Peter is daardie punt kon herhaal in Sotho vir die mense om te verstaan voor Sotso verder kan aangaan met sy toespraak. Dan wat beskuldigde nr. 11, Sekwati, betref, na alles gesê was deur Sotso het hy toe 'n opsomming gemaak van wat Sotso gesê het in Sotho.

MNR. FICK : Net laastens oor hierdie aspek. Het u vir u advokaat tydens konsultasie gesê wat u nou vir die hof sê, die rol wat Peter Mohapi gespeel het? -- Nee, ek het hulle nie daarvan gesê nie, maar ek onthou dit val my nou by toe u begin vra van Peter dat dit eintlik gebeur het.

Ek wil aan u so vra. Beskuldigde nr.11, behalwe dat hy die tolkwerk gedoen het soos u beweer van Sotso se toespraak, het hy sy eie toespraak ook gehou op die vergadering? -- Al wat hy gesê het was toe hy van die gehoor gevra het "Nou wat sê julle? Ons moet nou resolusies begin aanvaar" het hy voorstelle genoem en gevra wat die gehoor sê daaromtrent wat die gevoel is "Kan ek dit aanvaar as 'n resolusie?" Dit is al wat hy gesê het.

U sien die getuienis hier voor die hof was deur beide die staat en die verdediging dat daar was besluit voor hierdie vergadering dat die lede van die komitee wat hierdie vergadering belê het, hulle sou die sprekers wees op die

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering? -- Ek weet nie van daardie besluit nie.

Ek wil aan u stel u is verkeerd. Beskuldigde nr. 11 het gepraat.

HOF : Met praat bedoel u ŉ toespraak gemaak?

MNR. FICK : ŉ Toespraak gemaak? Hy het onder andere gesê, soos Sotso die mense moet nie die huurverhoging betaal voor daar nie ŉ vergadering gehou was met raadslede nie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

En hy het verder gesê dat as die raadslede nie verstaan wat die probleme is oor hierdie verhoging in huur en dit wil afskaf nie, dan gaan hulle besighede geboikot word? -- Nee, ek onthou nie dat hy so iets gesê het nie.

Is dit moontlik dat u vergeet het? -- Nee, die hele ding is dat so iets gesê word by die vergadering, kan ek sê daar is nie so iets gesê nie.

En ek wil verder aan u stel dat Mohapi het toe ook gepraat op die vergadering, ŉ toespraak gemaak? --Nee, ek onthou dit nie.

Die wese van sy hele toespraak het ook daaroor gegaan dat die mense moet nie hierdie verhoogde huur betaal voor daar nie ŉ vergadering gehou was met die raadslede nie? -- Nee, ek onthou dit nie.

Het daar nie behalwe die twee dames wat u van praat ook nog ŉ ander spreker gepraat wat van buite Boipatong is nie?

HOF : ŉ Dame of man?

MNR. FICK : ŉ Man? -- Nee, ek onthou nie.

Sê u daar het glad nie so ŉ man gepraat nie of is dit moontlik maar u kan nie onthou nie? -- Ek sê dit is moontlik dat daar so ŉ persoon gepraat het, maar dit is net dat ek dit nie onthou nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het daar enigiemand op hierdie vergadering gepraat oor die kwessie van openbare vervoer op die dag van die groot wegbly-aksie, die "stay-away"? -- Ek onthou nie dat daar iets gesê was oor die vervoer nie.

Is daar nie gesê daar sal geen busse wees nie en daar sal geen taxi's wees nie en daar gaan briewe geskryf word dat hulle nie moet opereer nie? -- Nee.

U sê nee. U ontken dit? -- Dit beteken dat ek niks daarvan kan onthou nie.

Maar is dit moontlik of sê u dit het nie gebeur nie? -- Daar is 'n kwessie van 'n moontlikheid dat dit gebeur het en daar is 'n moontlikheid dat dit nie gebeur het nie.

HOF : Ek wil net duidelikheid oor u antwoord kry wat betref Mohapi. Sê u dit is moontlik dat Mohapi 'n toespraak gemaak het, maar dat u nie onthou nie of sê u hy het nie 'n toespraak gemaak nie? -- Dit is moontlik dat hy 'n toespraak gemaak het. wat ek net nie so goed onthou nie.

MNR. FICK : Maar is dit nie op dieselfde basis ook moontlik dat beskuldigde nr. 11 gepraat het en u kan dit ook nie onthou nie? -- Ja, dit is wat ek sê. Dit is moontlik dat hy dit gesê het dat hy daardie toespraak gemaak het soos dit aan my gestel word en daar is ook 'n moontlikheid dat hy dit nie gesê het nie.

En is ek reg, u is ook glad nie seker oor die volgorde waarin hierdie sprekers op die vergadering sou gepraat het nie. Is dit reg? -- Ja, die rede daarvoor is dat hierdie vergadering is 'n ou ding. Ek noem hier voor die hof punte wat ek onthou aangaande die vergadering. Net wat ek onthou.

Is dit so dat die resolusies wat aanvaar is is die volgende op die vergadering: Daar sal 'n mars wees, 'n optog van die

vierkant/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vierkant af 3 September 1984? -- Ja.

En julle eis dat die raadslede moet bedank? -- Ja.

Julle het besluit daar sal geen vervoer wees op 3 September 1984 nie? -- Nee, ek onthou nie van so 'n resolusie nie.

Dat daar geen skool sal wees op 3 September nie? -- Ek onthou nie van so 'n resolusie nie.

Was daar geen bespreking oor die kwessie van skole die dag van 3 September op hierdie vergadering nie? -- Ek onthou nie. Dit kan wees dat daar iets gesê was en daar is 'n moontlikheid ook dat daar niks gesê is nie.

Is dit nie ook moontlik dat daar 'n verdere resolusie was dat die mense moet net die verhoogde huur nie betaal nie? -- Nee, wat gebeur het is, Sotso se voorstel was dat die verhoging nie betaal moet word op die huidige huur nie. Na aanleiding van daardie voorstelle het Sekwati op die tydstip van die resolusies dit so aan die gehoor oorgedra. Dit was vir die gehoor om te besluit wat die resolusie is daaromtrent. As gevolg van wat Sekwati oorgedra het aan die gehoor, het 'n persoon tussen die gehoor opgestaan en gesê nee, dit sal nie help nie, want 'n persoon sal na die kantore toe gaan waar hy teruggestuur sal word om nog geld te gaan kry. Die voorstel van die persoon was dat die huur in totaal nie betaal moet word nie en dit was aanvaar as 'n resolusie van die vergadering dat die huur as geheel nie betaal word nie.

Het u nie in u hoofgetuienis getuig dat almal het saam gestem dat hierdie verhoogde huur moet nie betaal word nie en toe kom daar 'n dame en sy maak 'n ander voorstel nie? -- Dat ek gesê het dat almal saamgestem het, was nog nie die resolusie nie. Byvoorbeeld wat ek bedoel het daar is dat 'n persoon het gepraat en dan het die gehoor gesê "Ja, ons

stem/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

stem saam. Nie noodwendig dat hulle dit aanvaar as 'n resolusie nie. Dit was net die saamstemming van wat voorgestel word, maar nog nie aanvaar is as 'n resolusie nie.

U het ook getuig dat daar 'n besluit dat hierdie komitee vergroot moet word? -- Ja.

Is daar besluit met hoeveel lede moet die komitee vergroot word? -- As dit nie verkeerd is nie, was dit met drie lede.

Wie was die drie lede? -- Ek, Spokes en 'n derde persoon wie se naam ek vergeet.

Ken u vir Piet Mbongo? -- Ja, ja, ek dink amper dit was hy gewees.

En ken u enige persoon met die naam van Mbai? -- Nee.

Die vergadering het julle aanvaar? Julle is aangewys en is so aanvaar? -- Ja.

Wie is die persoon wat daar gesê het op hierdie vergadering dit help nou niks dat die mense by die huis bly nie, en niks doen nie, dit is beter dat die mense ontmoet by die vierkant? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar as my geheue my nie in die steek laat nie, dink ek amper dit was Spokes.

HOF : Wat is Spokes se van? -- Mbele.

MNR. FICK : Is daar toe julle gepraat het oor hierdie wegblyaksie en die mars op 3 September - het julle besluit wie gaan julle griewe oordra? -- Volgens my wete sou die tydelike komitee wat daar bestaan het die mense gewees het wat die wyse oordra, want dit was onmoontlik gewees vir almal van ons om daar in te gaan.

Is dit so bespreek op die vergadering? --Of maak u nou 'n afleiding en dink dit is wat sou gebeur het? -- Ek kan

sê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sê dat dit wel so ooreengekom was, want die idee van die verkiesing van die komitee is dat die komitee die persone is wat dan as ŉ mondstuk gaan optree.

Is daar op hierdie vergadering besluit aan wie hierdie griewe oorgedra gaan word? -- Die doel van gaan na Houtkop beteken dat die eise na die raadslede toe oorgedra sou word.

Is dit op die vergadering bespreek en besluit dat ons gaan dit aan die raadslede by Houtkop gee? -- Ek kan sê ja, dit was die besluit gewees in die sin omdat ons almal geweet het dat as ons daar kom, die mense wat gekies is sal daar gaan optree en die eise oordra aan die persone te Houtkop en nie almal van ons sou Houtkop binnegegaan het nie.

Kom ek vra u anders om. Het julle besluit op die vergadering julle gaan dit vir die raadslede gee of julle gaan dit vir mnr. Ganz gee? -- Omdat ons onder die indruk was dat die raadslede die persone is wat beheer uitoefen oor ons in daardie woonbuurt, sal ek sê dat ons besluit het dat die eise aan die raadslede oorgedra moet word, want Ganz is van die administrasieraad en nie van die raad nie.

HOF : Is die woord raadslede of "councillors" of so iets gebruik? Julle het gepraat van Houtkop? -- Al wat gesê was daar was daar word hiervanaf gegaan na Houtkop toe.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

THEMBA NGWENYA, nog onder eed

MR BIZOS : We have been approached by our learned friend Mr Fick for your lordship's concurrence to a suggestion that he has made to which we are agreeable. The next witness, the person whose mechanical devise went off is a radio man, Mr Hana. Your lordship will recall the AZAPO interview that IC.8 spoke about, that Mr Hlomoka, accused no. 2 played it

secretly/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

secretly, it came from Radio Freedom. Your lordship will recall that?

COURT : Yes.

MR BIZOS : Mr Hanna was going to be the witness not after this one but the one after that. We have in the meantime found another tape recording what accused no. 20, Mr Lekota, has said on a similar - on the same radio station on the similar program. I have handed a copy of the tape and a transcript and identified the witness to Mr Jacobs so that we can spare time. The suggestion that has been made that in the event which seems likely that they will finish with this witness and the next Boipatong witness, seems - well, I do not know, likely or unlikely, but there is a theoretical possibility that they may finish both witnesses today. Would your lordship excuse me and the witness and may I - when your lordship received the original new tape of Mr Lekota and the transcript over the weekend, so that we can call the witness on Monday and then we will all know what we are talking about.

COURT : Do I have to do anything about it except to accept the document and the tape?

MR BIZOS : Nothing.

COURT : You can hand it to my registrar.

MR BIZOS : Apparently Mr Fick and Mr Jacobs want to check it and this is why if there is any time available they would like to do it at the end of the day.

COURT : Certainly Mr Bizos, we will take no further evidence after the Boipatong evidence.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Is daar op hierdie vergadering van 26 Augustus besluit hoe die griewe oorgedra

gaan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gaan word? In ꞌn memorandum skriftelik of hoe? -- Wat ek van weet is dat die komitee sou daar ingegaan het en om die tafel gesit het en hierdie griewe met die raadslede bespreek het.

Moet ek daarvan aflei dat daar was nie gesê of dit skriftelik gaan wees en of daar ꞌn memorandum gaan wees ten aansien van die besluite op die vergadering nie? -- Nee, daar was nie. Al waarvan ek weet is dat hulle die persone wat gekies was as ꞌn komitee, is die mense wat daar in sou gaan en met die mense praat.

Het julle op hierdie vergadering besluit oor of julle enige kantbeamptes "marshalls" sal aanstel vir die optog? -- Nee, ek onthou dit nie.

Is daar op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 gesê of bespreek wat die verband van hierdie komitee van julle gaan wees tussen hierdie komitee en ander organisasies in die Vaal? -- Nee, die komitee van ons het daar bestaan as verteenwoordigers van Boipatong se mense. So, dié se gaan na Houtkop toe sou beteken het dat hulle daar is net vir die mense van Boipatong.

Laat ek die vraag so vra. Dan luister u mooi dat ons kyk of ons die ding kan klaar kry. Is dit enigsins geopper op hierdie vergadering van 26 Augustus of julle komitee deel gaan wees of gaan saam werk met ander komitees in die Vaal? -- Nee, hulle sou nie saam gewerk het met ander organisasies nie, want die doel van gaan na Houtkop toe was om griewe van Boipatong se inwoners oor te dra.

Vergeet nou u afleidings en antwoord net die vraag. Is die vraag geopper op die vergadering van 26 Augustus of hierdie komitee van julle deel sal vorm van enige ander organisasie of komitee in die Vaal? -- Ek onthou nie dat dit

geopper/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information; University of Pretoria, 2017.

geopper was nie.

Ek wil aan u stel daar is ander liedere ook gesing op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984. Is daar nie ook gesing ŉ lied oor Tambo nie? -- Nee.

Senzeni na? -- Nee.

Iets van Siyaya e Pitoli of Siyaya e Houtkop? -- Nee, dit was nie by die vergadering gesing nie.

Ken u vir Esau Raditsela? -- Ek hoor van die naam, maar ek ken hom nie persoonlik nie.

Was daar ŉ persoon met dié naam op die vergadering van 26 Augustus 1984?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Was daar ŉ persoon op die vergadering? Ons het gehoor daar was tweeduisend mense.

HOF : Met dié naam sê hy.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : O, ekskuus tog.

MNR. FICK : Was daar ŉ persoon met die naam van Esau Raditsela op die vergadering van 26 Augustus 1984? -- Nee, ek sal nie kan sê of hy daar was of nie, want ek het al van mense ook hier gepraat wie se name ek nie geken het nie.

Net duidelikheidshalwe, is daar enige spreker voorgestel as ŉ spreker van die Vaal Civic Association op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984? -- Ek onthou nie.

Is dit nie so nie dat daar het ŉ man op hierdie vergadering gepraat van 26 Augustus en gesê "Kyk, ek hoor niks van ŉ 'stay-away' wat op hierdie vergadering bespreek was tot op daardie stadium nie" en hy was by ŉ vergadering in Sebokeng en daar het hy gehoor van ŉ "stay-away" en toe sê die man hy stel voor hier moet ook ŉ "stay-away" plaasvind op 3 September en hy sal briewe skryf na die verskillende vervoermaatskappye, die busmaatskappy en die taxi's en dan op

daardie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daardie datum sal daar geen vervoer wees nie. -- Ek onthou nie van 'n manspersoon wat dit gesê het nie. 'n Persoon aan wie ek kan dink wat iets in daardie lyn gesê het is die vroumens wat in haar toespraak gesê het dat sy 'n vergadering te Sebokeng bygewoon het.

En ek wil aan u verder stel dat hierdie manspersoon was Esau Raditsela en hy het gesê op hierdie vergadering dat die winkels sal ook toe wees op hierdie dag van 3 September en daardie dag sal julle marsjeer Houtkop toe waar julle die raadslede gaan ontmoet? -- Nee.

Laastens oor hierdie vergadering wil ek net aan u twee dokumente toon, BEWYSSTUKKE AT11 en 12. BEWYSSTUK AT11 is 'n kennisgewing wat lui dat die inwoners van die Vaal versoek
K1317 dat die transport onttrek sal word op 3 September 1984 vir 24 uur as protes teen die huurverhogings en BEWYSSTUK AT12 is 'n pamflet wat resolusies bevat wat op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 besluit sou gewees het. Het u BEWYS-STUK AT11 ooit gesien in die Vaal? -- Nee.

En BEWYSSTUK AT12, die resolusies? -- Nee.

Het u nooit gekry dat dit versprei word daar in die Vaal na u vergadering van 26 Augustus nie? -- Nee, te Boipatong het ek dit nie raakgeloop nie. Ek weet nie in die Vaal nie, want kyk, as u praat van die Vaal neem ek aan u praat van die Vaaldriehoek.

Orals, ja. U is toe nou gekies op hierdie vergadering van 26 Augustus as een van die lede. Tot wanneer het u nou 'n lid gebly toe u omgedraai het en gesê het u kan nie 'n lid wees nie? -- Soos ek alreeds vir die hof gesê het dat ek vir Sekwati genader het en vir hom gaan sê het dat ek nie in staat is nie. Dit is in daardie tyd wat ek my lidmaatskap

beëindig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

beëindig het.

Ja, maar die vraag is hoe lank na 26 Augustus was dit nou gewees? Was dit na 3 September? -- Nee, die volgende dag.

Ek wil dan met u gaan na die volgende aspek. Het u gedurende die tydperk 26 Augustus tot 3 September 1984 gehoor daar word aankondigings gemaak oor luidsprekers in Boipatong waar die mense vertel word hulle moet 3 September wegbly van die werk en hulle moet by die vierkant bymekaar kom? -- Ek onthou nie van 'n luidspreker wat gebruik was nie, maar dit het eintlik by hierdie vergadering op die 26ste begin dat daar 'n wegbly-aksie gaan wees op die 3de. U weet nou self, hier is mense wat uit die vergadering kom en hulle het iets gehoor. Hulle hou daarvan om te fluister en dit is hoe die ding versprei kan word as gevolg van die gefluister wat mense gehoor het.

HOF : Moet nou nie dink wat die advokaat miskien verder in gedagte het nie. U moet net na die vraag luister. Die vraag is net het u aankondigings oor luidsprekers gehoor en ek dink u antwoord is nee, dan moet u net sê nee. -- Nee, ek het nie gehoor nie.

MNR. FICK : Daardie dag van 3 September 1984 is u alleen na die vierkant toe? -- Ja.

HOF: Aan watter kant woon u van daardie plein? -- Dit is naby. Dit is aan die noordekant van die plein.

Hoeveel strate weg? -- Tussen Mzimvubu - vanaf die hoek van Mzimvubu en Lekoastrate is my huis die tweede huis van die hoek af.

U woon nie in Lekoastraat nie? -- Ek woon op die hoek van Lekoa- en Ngqikastrate.

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nee, maar wag net so 'n bietjie. Woon u - grens u perseel aan Lekoastraat? -- Nee, dit grens aan Ngqika. Ek het 'n hoekhuis daar, op die hoek van Ngqika en Lekoa. So, die voorkant van ons huis is aan Ngqika se kant.

Hoe ver is daardie Ngqikastraat vanaf die plein? Hoeveel strate? -- Dit is Ngqika, die volgende straat is Mzimvubu en dan is dit die vierkant.

Dan het ek die ding verkeerd, want ek het gedink dit is Batswanastraat? -- Nee, Batswana is aan die bokant van Ngqika. Jy kry eers Mzimvubu, Ngqika en dan Batswana.

So, Mzimvubu is die straat wat aan die noordekant van die plein verby loop oos-wes? -- Ja.

Dan is die volgende straat Ngqika? En die volgende straat is dan Batswanastraat? -- Ja.

U het basies een blok ver geloop in Lekoastraat suid en toe kom u by die plein? -- Ja, net een huis daar verby.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is daar net een huis tussen u en die plein? -- Ek is net by een huis verby vanaf my huis om by die plein uit te kom.

MNR. FICK : Toe u by die plein aangekom het - kom ek vra liewers eers vir u so. Het u op 3 September beskuldigde nr. 11 ooit gesien? -- Nee, ek het hom nie gesien nie.

Het u vir Sotso gesien op 3 September 1984? -- Ek het hom ook nie gesien nie.

Peter Mohapi? -- Hom ook het ek nie gesien nie.

Enige ander lid van die komitee gesien? -- Nee, niemand nie.

En u skat daar was baie mense, ongeveer tweeduisend mense toe u daar aankom? -- Ja.

Het die klomp deurmekaar gestaan of was hulle nou

al/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

al opgestel in ŉ optog? -- By die punt waar ek sê was daar iemand gewees wat besig was met ŉ toespraak. Dit was ŉ groot klomp mense wat bymekaar was. Daar was wel van die mense wat nog aangekom het na die klomp toe.

Die klomp wat nou daar gestaan het by die man wat die toespraak gemaak het volgens u, het sommer in ŉ bondel gestaan, hulle was nie opgestel in rye nie? -- Nee, hulle was nie opgestel nie. Dit was net ŉ klomp mense bymekaar.

En daar was op geen ander plek op hierdie vierkant ŉ opgestelde optog op daardie stadium nie? -- Nee, in die tyd wat ek daar opgedaag het was daar nie.

En tot die tyd wat u weggegaan het van daardie vierkant af was daar nooit ŉ opgestelde optog nie? -- Ja.

Het u enige plakkate daar gesien? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Het u enige baniere gesien? -- Dit ook het ek nie gesien nie.

Was daar enige gesing op die plein - op die vierkant toe u daar aangekom het of op enige stadium terwyl u nog daar was? -- Toe ek my huis verlaat het, was daar nie ŉ singery gewees nie. Selfs met my aankoms daar was daar nie gesing gewees nie, maar wat ek opgelet het daar met my aankoms is dat dit het gelyk asof iets vroeër, net voor ek daar opgedaag het gebeur het. Met die gevolg dat die mense weer besig is om bymekaar te kom.

Sê u dit het vir u gelyk of daar iets gebeur het by die vierkant? -- Ek weet net nie waar nie, maar dit het gelyk of daar iets gebeur het.

Die polisievoertuig kom toe nou daar aangery. Met watter straat het hulle aangekom na die vierkant toe? -- Toe ek

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit vir die eerste keer gesien het en bewus geword het van die voertuig, was dit al in die middel gewees. Ek het nie gesien met watter straat dit afgekom het nie, maar as ek moet dink ...(Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, ons wil nie hê dat u nou moet dink nie. -- Dan het ek nie gesien van watter straat af het hy gekom nie.

Waar het u hom gesien? Was hy op die plein al? -- Ek sien die voertuig vir die eerste keer wegjaag vanaf die plein in Bapedistraat in.

MNR. FICK : Kon u sien- moet nou nie raai of dink nie - hier is te veel gedink al in die saal en hier gaan nog te veel gedink word, hoekom die polisie weggejaag het? -- Nee, ek het nie gesien wat die rede was nie. Al wat ek gesien het is dat die voertuig vinnig wegtrek en in Bapedistraat indraai.

Wat se voertuig was hierdie van die polisie gewees? Was dit ŉ gewone kar of was dit ŉ Jeep of ŉ bakkie of wat? -- Dit is ŉ gewone kar.

Wat gebeur toe hulle wegjaag? Wat sien u? -- Die mense het agter hierdie voertuig se rigting gehardloop in Bapedi in en van die mense het uiteen gegaan vanaf die plein in verskillende rigtings.

Hierdie mense wat nou agter die voertuig aangehardloop het, kan u vir die hof sê, was dit volwassenes of wie was dit nou? -- Daar was nie tyd gewees om op te let of hulle nou volwassenes was of wat die posisie was nie.

Hoe ŉ groot groep het nou agter die voertuig aangehardloop in Bapedistraat? -- Ek onthou nie. Ek skat omtrent so twintig of dertig. Dit kan wees dat ek verkeerd is, maar daar rond.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het hulle gehardloop en klippe gegooi en geskreeu of wat het hulle gemaak? -- Hulle skreeu"Yê, yê."

En het hulle klippe by hulle gehad? -- Ek het nie opgelet nie.

HOF : U het in hoofgetuienis gepraat van ŉ "commotion" as ek reg onthou. Wat het u bedoel met ŉ "commotion"? -- Dit is wat ek nou net beskryf het. Die geraas van "Yê."

MNR. FICK : Behalwe nou hierdie groep wat in Bapedistraat agter die polisievoertuig aan hardloop en skreeu, het daar ander mense ook weggehardloop van die plein af? -- Ja, dat hulle in verskillende rigtings weggehardloop het en uiteen gegaan het. Ek is een wat weggehardloop het.

Hoekom het julle nou weggehardloop? Julle is dan nou reg vir ŉ optog? -- Dit is miskien omdat ons geskrik het vir die polisie.

HOF : Dit lyk my eerder of die polisie vir julle geskrik het? -- Ja, maar dit kan wees dat hulle nou die ander polisie gaan haal het. Hulle kon ook die polisie gebel het met daardie goed wat hulle daar hou.

MNR. FICK : Het u gesien of enigiemand probeer het om die mars aan die gang te kry toe hierdie groep mense agter die polisie aanhardloop in Bapedistraat? -- Nee, die rede is omdat ek ook weggehardloop het huis toe.

Het u onmiddellik gehardloop? -- Ja, want terwyl jy staan kom hier mense aangehardloop. Hulle hardloop weg in jou rigting. Jy sal ook sommer omdraai en begin weghardloop.

Verstaan ek u getuienis reg dat u het hierdie dag van 3 September nadat u huis toe gehardloop het nie weer uit die huis gekom nie, u is nie in die woongebied in nie? -- Ek is nie. Eers die tweede dag, dit wil sê die volgende dag het



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek my huis verlaat.

U het ook niks gesien in die omgewing van die huis dat daar goed brand nie, in die strate of die gebou of voertuie nie? -- Nee, ek het niks gesien nie.

As u sê u het niks gesien nie, verstaan ek u reg dat u sê nie daar het nie niks gebeur nie, maar u kan nie sê of daar iets gebeur het nie? -- Ja, ek stem saam met u. Want dit kan gebeur het dat daar iets gebeur het waarvan ek nie bewus is nie of dit kon gebeur het dat daar niks gebeur het nie. Ek is nie van iets bewus nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. TIP : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MR TIP : The next witness is Mr Donald Nonyana who will testify about the same events.

TEBOGO DONALD NONYANA, d.s.s. (Through interpreter)

EXAMINATION BY MR TIP : Mr Nonyana, you are a man 35 years old married and living in Boipatong? Is that correct? -- That is so.

And you are employed as a general assistant at Van Leer at Vanderbijlpark and you were working there as well in August and September 1984? -- That is so.

Very briefly I would like you to tell his lordship wat your family circumstances were in roundabout July/August 1984? -- During that time July/August 1984 I was not employed. The person working from my family was the one who comes after me.

COURT : Your brother? -- Yes.

MR TIP : And who in the family required support? -- My father was on pension during that time and two other children who

are/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

are younger than me and their children. These are girls with their children.

Did you become aware of a proposed rent increase of R5,90 per month? -- Yes.

And tell his lordship please how you thought that would affect your family? -- The feeling with me was that the increase was going to bring even more problems for us because during that time we were already struggling to have our rent paid.

Did you hear of a meeting to be held on 26 August 1984 in the Anglican Church? -- Yes, I heard about that.

Did you attend it? -- Yes, I did.

Do you recall at approximately what time you arrived at that meeting? -- When I arrived at this meeting the meeting had already started. It was shortly before 15h00 that I came at this meeting.

What was happening inside the hall at the stage that you arrived? -- There were people in that hall at my arrival.

What was happening? -- There were suggestions being made in this meeting.

What were those suggestions and who was making them? -- No, what happened is this. On my arrival there somebody was making known to the audience what the suggestions were that were made earlier in this meeting by the people before my arrival.

COURT : With what purpose? -- It was with a view to find out from the audience what was to be done with the suggestions which had been made.

Yes? -- They were made known. I still remember some of these suggestions.

MR TIP/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MR TIP : I will ask you to tell his lordship what they were but perhaps you should just for record say who was putting forward the suggestions? -- Sekwati Mokoena.

COURT : We call him accused no. 11. -- Do I call him accused no. 11 as well?

If you prefer Sekwati, you can stick to Sekwati.

MR TIP : Would you tell his lordship what you remember about the suggestions that were made and what happened to them? -- I remember one of the suggestions being that one of the rent which was namely that no rent was to be paid before a meeting. Another suggestion which was mentioned there was that the councillors were to resign.

COURT : Yes, if you remember more, just summarise it. -- The people came with other suggestions and some agreed with some of the suggestions put forward until mention was made of the Monday, the 3rd that this was going to be a stay-away. What was said about the stay-away is that it was the stay-away the purpose of that is because we or a talk was to be held with those in authority in Houtkop. Quite a lot of things were mentioned there, some of those that I cannot remember. That is as far as I can remember.

What you have said so far is that now what accused no. 11 Sekwati summarised, suggestions he put to the meeting or does that include what other people said after he had put the suggestions to the meeting? -- These were the resolutions after Sekwati had made known what the suggestions were by the people earlier. The audience resolved there in this meeting to what I have just mentioned.

MR TIP : I would like to clarify two aspects with you of what you told his lordship. You mentioned in relation to

the/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

the non-payment of the rent that that should be the position until a meeting. What meeting did you mean by that? -- That is the meeting which was to be held with the residents and those in authority at Houtkop.

When was that meeting to be held? -- On the 3rd.

Did you yourself speak at all at the meeting of 26 August? -- Yes, I did.

What did you speak about? What did you say? -- What I said was in confirmation with the suggestion of going to Houtkop saying that was the easiest way of doing things and the most urgent way of getting a response.

Throughout your present at this meeting on 26 August was there ever any suggestion that there should be action taken against councillors or that there should be any damage to property or anything of that sort? -- No.

Was there an election of any sort at this meeting? -- Yes, there was.

Would you tell his lordship very briefly who was elected and onto what? -- There were a few people elected here as the speakers who would act as our mouthpiece on arrival there.

COURT : At Houtkop? -- Yes.

MR TIP : And if you are asked would you tell his lordship the names of the people that you can remember? -- Yes, those that I remember.

I want to go on with you to the events of 3 September 1984, Monday 3 September and perhaps I should just put this on record for his lordship's benefit. Where did you live at that time in Boipatong? -- I was staying with my parents at home along Mzimvubu Street, which is a tarred road.

Did/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Did you know Mr Mpondo? -- Yes.

And where did he live in relation to your house? -- Just when we enter Mzimvubu after passing Mpondo's house you count two houses from Mpondo and there it is my parents' home where I lived.

COURT : So, are there two houses between your house and Mpondo's house? -- Yes.

And he also lived in Mzimvubu Street? -- Yes.

MR TIP : On the morning of 3 September did you go to the square in Boipatong? -- Yes, I did.

Along what route? -- Along our street straight to the square.

Did you along that street or any others that you noticed see any obstructions in the road? -- No.

When you got to the square approximately how many people were there? -- Between four and five hundred people were already there. There were still other people arriving.

COURT : What time did you arrive there? -- At about 08h00.

MR TIP : When you got to the square, where did you go? Can you recall approximately where in the square you went? -- I moved into the square towards the group of people towards where many people were at the time.

COURT : Were they in the centre of the square? -- Yes.

MR TIP : Could you tell us what was happening there when you got to the centre of the square? -- When I came to the centre of the square I noticed some people whom I took. They were the people who were going to speak.

COURT : Why did you say that? -- I say this because the people in the centre of the square were all looking in the direction of these people just described and in fact judging

from/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

from the people present there, they were the people who attracted the attention of the majority of the people who were present.

MR TIP : Did you see accused no. 11 there, Mr Mokoena? -- Yes, I did see him.

When you saw him, what was he doing? -- It appeared to me as if he was busy getting the people together.

COURT : Together in order to address them or in order for a different purpose? -- I would say with a view of addressing them.

MR TIP : Did he address anybody? -- Just at the time when it appeared to me that everybody was now paying attention to listen to what he was going to say, then there was something which happened which caused a disturbance.

What happened? -- As I was looking forward towards the person who was going to address us, I heard some noise from behind me as if people were running from behind me and I therefore looked back to see which distracted my attention from what was going to happen in front of me.

And when you looked round to see, what did you see? -- I noticed that there was a vehicle which was being chased at which stones were being thrown and this vehicle sped off into Bapedi Street.

Can you identify the vehicle? -- Yes, I only saw the colour of the vehicle which was blue because I only saw it when it turned into Bapedi.

Were you able to see who was throwing stones? -- It was a small group of people.

What sort of people were they? Were you able to tell? -- Youths.

You/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

You told his lordship that this blue car sped off into Bapedi Street. What happened next? -- Except the group I have referred to which was throwing stones at this vehicle which drove into Bapedi Street, I noticed a lot of people, quite many walking in the direction of Bapedi Street into Bapedi and the other people took different directions.

At that moment what did you yourself do? -- I did not know what to do. I started to stand there and see what was happening, what was going to be the ultimate end of what is happening.

Did you notice accused no. 11 again? -- Yes, after a short time I looked in the direction where he was to see if he was still there and in actual fact I did see him, he was still there.

Do you recall what he was doing at that time? -- From his reaction he lifted his hands like this.

COURT : Both hands fingers spread out palms open. -- Which was an indication to me that he was trying to stop something which was happening, although I did not know exactly what he was saying or what was he trying to stop.

MR TIP : Yes? -- At that stage people had dispersed and taken different directions into different streets. I also noticed that Sekwati had something similar to a placard that he lifted up. With him there was a small group of people. They went in the direction of Lekoa Street, along Lekoa Street in fact.

Did you hear any singing at the square? -- At the stage when Sekwati lifted a placard walking up in the direction, I heard a song.

Do you remember what the song was? -- Yes, I do.

COURT/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

COURT : What was it? -- Siyaya e Houtkop.

If one wants to walk to Houtkop, does one follow Lekoa Street or does take Mzimvubu Street? -- From Tsirela township to Houtkop there are many streets which can lead you in the direction of Houtkop.

Either of these two streets? -- Quite so.

MR TIP : You mentioned that there was a group with accused no. 11. Are you able to give his lordship an estimate of how many people were with him at that stage? -- They were quite less than the people who had left and those that remained in the square.

COURT : Could you give us a guess estimate? -- There were quite few. If I was to estimate I would say they were not even twenty.

MR TIP : For how long did you remain at the square yourself? -- On realising that people decided to disperse I also decided to go home.

What route did you take home? -- Along Mzimvubu.

Did you see accused no. 11 again on that day? -- When I decided to go home, just when I joined Mzimvubu there, I met him, accused no. 11 coming from the direction of my home. That is he was walking in my opposite direction.

Was he alone? -- No.

Do you remember who was with him? -- It was himself and two other people in his company.

Do you know the names of those two persons? -- Yes.

Who were they? -- One of them is known to me as Peter Mohapi. The other one is only known to me as Mt Sotso.

When you got to your home, what did you find was happening there? -- As I was nearing home, right ahead of me I

noticed/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

noticed a group of people in the vicinity of Mpondo's house.

What were they doing there? -- Some of those people in the group were busy throwing stones at Mpondo's house.

Did you do anything about that? -- No.

Was there any reason for that?

COURT : For doing nothing?

MR TIP : Perhaps I should leave that. What did you do when you saw this group of people, some of whom were throwing stones at Mpondo's house? -- There was nothing I could do.

The group of people at Mpondo's house, what sort of clothing were they in? -- There was no particular kind of clothes. They were clad in different types of clothes.

Did you either amongst that group at Mpondo's house or as far as you observed amongst the people at the square see any people wearing T-shirts carrying the names of any organisations? -- No.

What did you yourself do for the rest of Monday, 3 September? -- On arrival at home after having seen the people who were attacking Mpondo's house with stones, I got into the house and remained in the house.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Die vergadering van 26 Augustus 1984, is daar enige liedere gesing terwyl u daar was? -- Die enigste lied wat ek gehoor het was toe die vergadering gesluit het.

Het enigiemand gedurende die vergadering slagspreuke geskreeu soos "Amandla Ngawethu"? -- Nee.

Het u Peter Mohapi gesien op die vergadering van 26 Augustus 1984? -- Ja, ek het hom gesien.

Waar was hy? -- Toe ek die kerksaal binnegekom het het hy en Sekwati heel voor gesit.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was daar nog enige ander mense wat daar voor gesit het waar hy gesit het? -- By die tafel was net hulle twee daar.

Terwyl u daar was, het Peter Mohapi op enige stadium op die vergadering gepraat? -- Nee, ek kan nie meer onthou of Peter gepraat het of nie.

Behalwe Sekwati, beskuldigde nr. 11 wat gepraat het, het daar enige ander sprekers nog gepraat op die vergadering? -- Baie.

Ken u 'n persoon met die naam van Edith Lethlake? -- Nee.

Ken u 'n persoon met die naam van Esau Raditsela? -- Nee, ek ken hom nie.

Toe beskuldigde nr. 11 gepraat het toe u by die vergadering aankom, het hy die voorstel gemaak dat geen huur betaal moet word voordat daar 'n vergadering gehou is te Houtkop nie? -- Nee, dit was nie hy wat dit gesê het nie.

Wie het dit gesê? -- Dit was 'n persoon daar tussen die gehoor.

'n Man, 'n vrou of wie? -- As ek reg is was dit 'n vroumens gewees.

Wat was die resolusie wat beskuldigde nr. 11 daar of die besluit wat beskuldigde nr. 11 daar voorgelees het toe u daar gekom het? Dit is nou oor die kwessie van die huur? -- Ek het verstaan dat hy sê iets was alreeds gesê oor die huur en wat is die resolusie van die vergadering nou aangaande dit.

Wat het hy toe gesê, wat is die resolusie van die vergadering? -- Is dit oor die huur?

Ja? -- Hy is nie die een wat die resolusie daar gesê het vir die vergadering nie.

Nou verstaan ek jou glad nie. Was daar behalwe beskuldigde nr. 11 ander mense op die vergadering wat ook

resolusies/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

resolusies voorgestel het? -- Ja.

En is daar ook behalwe beskuldigde nr. 11 ander mense wat gesê het kyk, dit is die voorstelle wat die mense gemaak het, wat is die vergadering se resolusie hieroor? -- Ja, daar was.

Wie was die ander persone? -- Klompies mense hier en daar. Ek kan nie meer onthou wie hulle is nie.

Het enigiemand op hierdie vergadering aan die einde toe alles nou verby is, gesê "Maar kyk, dit is die vergadering se resolusies"?

HOF : Kan ek nou net duidelikheid kry. Daar is twee moontlikhede. Die een is ŉ persoon praat en sê "Ek stel formeel voor dat ons dit besluit." Daar was seker sulke mense gewees. Beskuldigde nr. 11 was miskien een daarvan en dan is daar mense wat skreeu uit die gehoor "Ja, ons gaan daarmee saam. Dit is reg." U moet onderskei tussen die twee soorte mense. Die advokaat vra u oor mense wat ŉ toespraak hou of iets voorstel. Nou was my indruk van die getuienis toe u begin getuig het, nie later nie, dat u op ŉ stadium by die vergadering gekom het toe beskuldigde nr. 11 al besig was om op te som wat die mense al oor verskillende dinge gesê het en my indruk was verder dat hy dan gesê het dit is die voorstelle, is dit nou die resolusies en dat die dinge dan getabuleer is? -- Ja, dit is reg. Dit was die vergadering gewees wat besluit het op die voorstelle wat hy gelees het as resolusies.

Almal het gesê "Ja, ons gaan daarmee saam"? -- Ja, ek sê amper so.

As u nie saamstem met wat ek nou aan u stel nie, moet u dit dadelik sê. -- Eintlik waaroor praat ons nou, want

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit lyk vir my of ek nie nou verstaan waaroor ons praat nie.

My moeilikheid met u getuienis is ek kan nie mooi vasstel op watter stadium van die vergadering u daar opgedaag het nie, want gewoonlik gaan ŉ vergadering aan tot op die einde en dan kom die voorsitter en hy stel die resolusies voor en dan stem die mense oor die resolusies? -- Ja, dit is reg.

Is dit nou wat hier gebeur het of het mense weer resolusies voorgestel nadat die voorsitter die resolusies gestel het aan die vergadering? -- Wat gebeur het daar is die volgende. Die voorsitter, naamlik Sekwati het toe die voorstelle aan die vergadering gelees. Na dit het die vergadering toe besluit op die voorstelle as resolusies van die vergadering.

En is dit toe die einde van die saak? -- Ja.

HOF VERDAAG TOT 25 APRIL 1988.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.